Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
www.laerskoolmontagu.net
monties@telkomsa.net
023 614 1640

MONTIENUUS

6 September 2023
OB 32

Beste Ouers

Daar is basies drie weke van skool oor vir hierdie kwartaal. Ons is besig met assessering en ek doen weer 'n beroep op u om seker te maak u kind is goed voorbereid vir die verskillende assesseringstake.

Baie dankie aan elke gesin wat ons ondersteun het met die hamburgerverkope. Ons het heelwat bestellings ontvang. Dankie ook aan die verskillende besighede wat aankope vir hul personeel gedoen het. Ons is dankbaar oor die baie bestellings. Dankie aan die ouers wat gaan help met die voorbereiding en braai van patties vir die hamburgers. Sonder u hulp kan ons dit nie doen nie.

Ons wens ons Junior- en Seniorkore sterkte toe vir die Eisteddfod waaraan hulle volgende week deelneem. Ons weet julle gaan ons weer trots maak. Daar is ook verskeie individuele leerders wat gaan deelneem. Hou gerus die kultuuruitslae in die Montienuus dop. Ons leerders werk ook baie hard in hierdie afdeling. Die Seniorkoor het die voorreg gehad om verlede Vrydag te gaan optree by JE park in Robertson voor 'n groep senior burgers.

Me. Thamlynne Nel is met kraamverlof. Mnr. EJ Sacco gaan die klerewinkel nou behartig. Indien u enige navrae i.v.m. skoolklere het, kan u hom telefonies kontak by 023 614 1640, of 'n e-pos stuur na klerewinkel@laerskoolmontagu.net.

Sterkte vir die week.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Geborg deur:
Montagu SPAR
023-61 43080
goed vir jou

BELANGRIKE DATUMS

Vrydag, 8 Sep	Geen entrepreneurs (Snoepie is oop) Burgerverkope GF Boeke huis toe
Dinsdag, 12 Sep	Somersport eindig
Woensdag, 13 Sep	Eisteddfod Kore (Robertson)
Vrydag, 15 Sep	Entrepreneurs (gr. 7O)
Dinsdag, 19 Sep	Foto's: Wintersport
Woensdag, 20 Sep	Montienuus: Laaste vir die kwartaal
Donderdag, 21 Sep	Worcester Eisteddfod (voordrag en spreekkoor) tuis
Vrydag, 22 Sep	Entrepreneurs (gr. 7S)
Maandag, 25 Sep	Openbare vakansiedag (Erfenisdag)

Personeel verjaarsdae

Willmarie Buchner:
9 September

Mechyla Schoeman:
12 September

Beurtkrag en ons telefoon:

Ongelukkig is ons sentrale baie oud. Wanneer die krag af is, gee die foon 'n luitoon wanneer u bel, maar dit lui nie by die skool nie. Ons kan dus nie oproepe ontvang tydens beurtkrag nie.

Ope Entrepreneurs

Elke klas kry deur die jaar 'n entrepreneursdag om 'n geldjie te verdien. Ope entrepreneurs is ingestel om tussendeur aan leerders die geleentheid te gee om geld te maak deur verkope.

Ons kry egter baie min belangstelling daarvoor die afgelope jaar. Dit beteken dat daar dan op Vrydae nie genoeg kos te koop is nie. Indien die tendens voortduur, sal ons die snoepie Vrydae moet oopmaak op die ope entrepreneursdae, sodat daar genoeg kos te koop is. Dit sal egter die ope entrepreneurs se verkope beïnvloed.

Leerders word dus aangemoedig om hierdie geleentheid te gebruik.

LM SKAKEL BESTELLINGS

LM SKAKEL bestellings kan vanaf 7 tot 14 September geplaas word.

Vir slegs R5, kan jy 'n koerantjie propvol kraakvars nuus koop.

Moet dit nie misloop nie.

L A N D L O O P

Landloop is Dinsdae en Donderdae 14:45 tot 15:45 by Hoërskool Montagu. Laerskool leerders kry Mnr. Gustav op die A Netbalbaan en stap dan na die Hoërskool toe. Ouers kan hul kinders by die Hoërskool kom haal.

BOK-VRYDAG: 8 September 2023

Ons moedig al die Monties aan om Vrydag **Groen en Goud** aan te trek ter ondersteuning van die Springbokke wat eerskomende naweek hul eerste wedstryd in vanjaar se rugbywêreldbeker speel.

RUGBY WORLD CUP

Montagu Jeugkunstefees: Drama-uitslae (Privaat)

Leerder	Graad	Item	%	Toekenning
Jean-Kate Smit	2	Gedig	90	DG
Mari du Plessis	2	Gedig	83	G
Neve Alston	3	Gedig	85	G
Jessica Wiese	3	Gedig	84	G
Gemma Cole	4	Gedig	80	G
Herman Joubert	4	Gedig	90	DG
Amy Fluks	4	Gedig	90	DG
Olivia Alston	5	Gedig	89	G
Olivia Alston	5	Prosa	90	DG
Luan Koekemoer	6	Gedig	84	G
Shawnley Brown	6	Gedig	76	S
Luan Koekemoer	6	Prosa	97	DG
Luan Koekemoer Mariké-Mari McAlpine	6	Dialoog	79	S
Bea Pool	7	Gedig	94	DG
Bea Pool	7	Prosa	93	DG
Bea Pool Emma-Louise van Zyl	7	Dialoog	79	S
Graad 7 Spreekkoor	7	Spreekkoor	89	G

Ratem Eisteddfod Riversdal (Privaat)

Leerder	Item	Prestasie
Herman Joubert	Gedig	A
Emma-Louise van Zyl	Gedig	A
Bea Pool	Gedig	A+
Amy Fluks	Gedig	A
Jessica Wiese	Gedig	A+
Luan Koekemoer	Gedig	A+
Shawnley Brown	Gedig	A
Jean-Kate Smit	Gedig	A+
Mari du Plessis	Gedig	A
Luan Koekemoer	Prosa	A+
Bea Pool	Prosa	A

* Uitslae ontvang